

WOESTYNKRYGERS

deur
Tony Alamo

“En die ENGEL van die HERE het met Filippus gespreek en gesê: Staan op en gaan na die suide op die pad wat afloop van Jerusalem na Gasa [dit is 'n woestyn]. Dit is 'n eensame pad.” (Hand. 8:26).

Evangelis Filippus het na Samaria gegaan. Terwyl hy daar was, het 'n herlewing uitgebreek. Hierdie herlewing het gepaard gegaan met uitsonderlike wonderwerke van mag. Die siekes is genees, bese teeste is uitgedryf, die heerlikheid van die HERE is geopenbaar en die hele stad is aangewakker en aangepor deur Filippus se prediking. Filippus was op die hoogtepunt van 'n apostoliese bediening waar GOD op 'n magtige wyse deur hom beweeg. Een aand het die ENGEL van die HERE met hom gepraat en gesê: “Filippus, staan op en verlaat die herlewing en gaan af na Gaza toe en in die woestyn in.” Ek sou dink Filippus het 'n paar vrae in sy hart gehad terwyl hy na daardie aanwysings geluister het om die herlewing te verlaat. Verlaat die beweging van GOD? Verlaat die demonstrasie van GOD se mag en gaan woestyn toe? Daar is geen water en geen lugversorging nie.

Daar is nie 'n McDonald's of 'n Colonel Sanders nie. HERE, ek hou nie van die woestyn nie; ek wil hier by die herlewing bly. Hierdie herlewing het my nodig. Die mag van GOD beweeg, die herlewing vind plaas, siele word gered; ek word hier benodig!

Maar Filippus het sy reis begin, verby Jerusalem op die snelweg wat langs die kus van die Middellandse See loop en uit tot in Noord-Afrika. Terwyl hy langs die pad loop, het hy gebid: “Nou goed HERE, hier is ek. Wat wil U met my doen?” Toe hy opkyk, kom een van die Cadillac's van sy tyd aan – 'n ryk man in 'n wa, geklee in koninklike drag. Hy het die profeet, Jesaja, se boekrol gelees terwyl hy ry. Toe hy vir Filippus sien, het hy beveel dat die wa moet stop. Hy nooi toe vir Filippus om langs hom in die wa te kom sit. Filippus het ingeklim en gesien dat die man die profeet, Jesaja, se boekrol lees. “Verstaan

u wel wat u lees?” het hy gevra. (Hy was besig om hoofstuk 53 van Jesaja te lees wat praat van die HERE JESUS CHRISTUS.) Die hofdienaar antwoord: “Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie?”

GOD het vir Filippus gestuur om hierdie skrif aan hierdie man te verduidelik. Die man het geglo, hy het tot bekering gekom en is gedoop, alles op dieselfde dag. Volgens die geskiedenis het hierdie man baie gesag gehad – hy was die tesourier van die hele land, Ethiopië – wat teruggekeer het na Ethiopië en die WOORD van GOD aan die mense daar gebring het. Hy het ook 'n kerk daar gestig (die wortels is vandag steeds daar, want Filippus was gehoorsaam aan GOD se WOORD en het na die woestyn toe gegaan).¹

Baie manne van God is na die woestyn toe gestuur.² Dit is iets wat elkeen van ons graag sou wou vermy indien dit enigsins moontlik is. Ons is ongemaklik wanneer

GOD oor ons pad kom en vir ons sê: “Ek wil hê jy moet na die woestyn toe gaan.” Maar in elke lewe wat GOD gebruik, kom hierdie woestynervaring. In Filippus se ervaring het GOD hom versorg; hy is opgeneem in die GEES en deur die bonatuurlike mag van GOD uit die woestyn weggevoer na die seekus toe.

Die woestynervaring is 'n absolute noodsaaklikheid in die lewens van ware mans en vroue van GOD.³ HY kies nie om SY werktuie in die stad tot volmaaktheid te bring nie, maar in die woestynplek. Jy kan sien wanneer 'n persoon in die woestyn is, want jy sal hom hoor sê: “Ek voel so droog, die Hemele voel soos yster, en ek verstaan nie wat met my gebeur nie.” GOD bring jou na 'n woestynervaring. Ons is so behep met die bediening en bekendmaking, en dit is goed. Ons is so behep met die menigtes. Ons

(Vervolg op bladsy 2)



Pastoor Tony Alamo
Foto – 1986

(Vervolg vanaf bladsy 1)

wil gaan, maar GOD sê vir ons: “Seun (of dogter), Ek wil hê jy moet eenkant toe gaan. Ek wil jou wegneem van die skare af. Ek wil jou afsonder. Ek wil jou alleen kry, hier buite onder die sterre op ’n verlate plek, waar Ek met jou kan praat. Ek wil MY WOORD in jou ewige siel inbrand.⁴ Ek wil MY boodskap in jou mond sit.⁵ Ek wil tot in jou diepste wese ingaan. Ek wil werk in jou doen.”⁶ En dit is iets waarop ons nie altyd voorbereid is nie. Ons huil: “Maar ek hou nie van die verlate plek nie. Ek hou van mense om my. Ek wil hê mense moet weet waardeur ek gaan. Ek wil hê mense moet met my simpatiseer. Ek wil hê mense moet verstaan. Ek hou van kameraadskap.” Maar GOD sê: “Ek stoot jou in die woestyn in, en as jy MY regtig liefhet en MY WOORD glo, sal jy gaan. Ek bring jou daarheen omdat ek jou daar wil ontmoet, alleen, in die woestyn.”

Kom ons praat oor hierdie woestyn. Ek dank GOD dat daar waterstrome is. Ek dank GOD vir bergtoppe. Maar ek dank GOD ook dat daar in die lewe van elke man en vrou wat sê dat hulle Christene is, ’n afspraak met bestemming is. Elkeen wat ooit na vore sal kom met ’n brandende boodskap, en elke profeet wat die moed het om voor die aangesig van die hele nasie en selfs die wêreld te staan, is die man wat GOD na ’n verlate plek gelei het – ’n woestynplek – ’n eensame plek – ’n plek van middernag-donkerte – ’n plek waar daar geen vogtigheid is nie – dit is die plek waar GOD praat en gee en vorm en buig en maak.⁷ Dan is GOD in staat om daardie man of daardie vrou uit te stuur uit daardie woestyn met lewegewende Water en SY boodskap van ewige saligheid.

Toe GOD vir Moses geroep het, was hy tagtig jaar oud. Hy het toegelaat dat Moses ’n opvoeding kry en soos ’n prins leef.⁸ Vir veertig jaar is daar op hom gewag en is sy wense bevredig. Hy het in die sprankelende water van die Nylrivier gebad en diensknegte het hom slaafs gedien. Sy klere was van die fynste handwerk en

hy het koninklike lekkernye van Faraó se tafel geniet terwyl hy die gewoontes van die Egiptenare aangeleer het. Een dag sê GOD vir Moses: “Fase een van jou opvoeding is verby, en nou het Ek ’n belangriker afspraak met jou om na te kom.” GOD het hom tot ver in die woestyn gelei.⁹ Vir nog veertig jaar het hy teen die sandduine op- en afgestrompel totdat sy vel deur die son verbrand is en sy oë rooi was van die sand; totdat GOD die alleenheid van die woestyn in die ware siel van Moses ingewerk het.¹⁰ En nou was GOD gereed om daardie afspraak na te kom. Sy lewe is verdeel in drie gelyke segmente van veertig jaar; veerig jaar in Egipte, veertig jaar in die woestyn, en toe veertig jaar in oordeel; en die wet vir Israel, en vir die wêreld, is aan hom gegee.

Moses het ’n brandende bos ver in die woestyn teëgekóm.¹¹ Hy het die stem van die HERE gehoor, dit gehoorsaam en te voorskyn gekóm met die vuur van ’n profeet en die glorie van GOD in sy siel.¹² Hy het tussen twee en drie miljoen Israëliete uit gevangenskap gelei, groot tekens en wonders en wonderwerke verrig – omdat hy GOD in ’n woestynplek ontmoet het.¹³

As jy na GOD se mense gaan met tekens en wonders en wonderwerke, en jy dra ’n staf wat bevryding bring, is daar ook ’n brandende bos wat GOD vir jou in SY woestynplek het, wat jy eers moet ontmoet. Moenie dink dat iemand jou uit die gemeente gaan roep en sy hande op jou lê en ’n bediening aan jou gaan verleen wat mans en vrouens uit blindheid en slawerny gaan bring nie. Moenie dink dat jy Bybelskool gaan bywoon en dat iemand vir jou ’n diploma gaan gee wat jou outomaties kwalifiseer om jou mense te bevry nie. As jy mense uit die slawerny van Egipte wil bring, moet jy GOD ver in die woestyn ontmoet. GOD gaan al die plesier wegneem. HY gaan al die gemak wegneem. Hy gaan die dinge waarin jy vertrou gehad het, wegneem en HY gaan jou wegneem van mense af, in SY GEES, na ’n verlate plek waar dit net jy en GOD is. Elke ware profeet van GOD, elke kryger van die HERE, enigiemand wat verwag om vir GOD te volbring, moet sy

Skepper van aangesig tot aangesig ver in die woestyn ontmoet.

Josef het kom getuig: “Ek was die elfde seun van my vader.¹⁴ Ek het geestelike drome en geestelike visioene gehad,¹⁵ en ek het geweet dat ek ’n afspraak met die noodlot het; maar ek het op ’n verlate plek gewoon. My pa se kinders, my eie broers, het my verag.¹⁶ Ek het soos ’n uitgeworpe in my vader se huis gewoon.¹⁷ Ek was die een wat gestuur is om in die kerker en in die duisternis van die tronk te bly.”¹⁸ Josef, hoe kan jy jou soos ’n magtige prins oor die land gedra? Het jy ’n woestynervaring gehad? “Inderdaad, ek het voldoen aan GOD se kwalifikasies in Faraó se kerker.” Waar het jy hierdie vergifnis en regverdigheid geleer? Waar het jy die medelye geleer wat jy teenoor ander mense voel? “Ek het dit geleer deur my trane in die eensame ure terwyl ek deur die tralies van Faraó se tronk geloer het. Dit is waar ek die medelye van GOD geleer het.”

Johannes, hoe het dit gekóm dat jy met sulke welsprekendheid gehandhaaf bly? Johannes hoe het dit gekóm dat jy hierdie menigte tot inkeer kan bring? Johannes hoe het hierdie vuur en hierdie mag en hierdie passie in jou lewe gekóm, dat jy ’n nasie kan swaai met jou prediking teen sonde? “Ek het my vader se huis as ’n jong man verlaat en ag geslaan op die roep van die HEILIGE GEES en in die woestyn gaan bly.¹⁹ Ek het ’n leergordel gedra en wilde heuning en sprinkane geëet,²⁰ en die HERE GOD ver in die woestyn ontmoet. Die WOORD van GOD het na my hart gekóm en ek het uit die woestyn gekóm met geesdrif en die glorie van GOD in my siel. Toe, en net toe was ek in staat om ’n boodskap van inkering te verkondig wat mense op hulle knieë kon bring.”

Nadat Paulus op die Damaskuspad tot bekering gekóm het, het hy vir ’n ruk lank CHRISTUS verkondig.²¹ Toe het hy vir twee jaar in die Arabiese Woestyn ingegaan.²² Die Bybel vertel ons niks van hierdie jare nie, maar hy het vir twee jaar ná sy bekering in die woestyn verdwyn en in ’n eensame, verlate plek gewoon. Eers toe het hy as die magtige apostel van GOD te voorskyn gekóm.

4 Spr. 3:3, Jer. 31:33, Heb. 8:10, 10:16 5 Ps. 81:10, Jer. 20:9, Matt. 10:19-20, 13:23, Mark 16:15, 1 Kor. 1:17-18, 21, 2 Tim. 3:16-17, 4:2 6 Rom. 12:1, 2 Kor. 5:18-20, 9:8, Fil. 1:6, Heb. 4:10-16, 13:21 7 Rom. 5:3-5, 2 Kor. 12:9 8 Eks. 2:1-10, Hand. 7:22 9 Eks. 2:15-22, Heb. 11:24-27 10 Hand. 7:29-34 11 Eks. 3:2-10 12 Eks. 3:10-22, Hand. 7:34-36 13 Eks. 4:1-9, 28, 6:13-37, hfst. 7-14 14 Gen. 30:22-24, 37:2-3 15 Gen. 37:5-10 16 Gen. 37:4-11, 17-20, Hand. 7:9 17 Gen. 37:4-11 18 Gen. 39:6-20, Ps. 105:18 19 Matt. 3:1, Luk. 1:13-17, 67-80 20 Matt. 3:4 21 Hand. 9:3-22 22 Gal. 1:17

En selfs U, HERE JESUS; U wat gesalf is van voor die fondasies van die aarde af om ewige saligheid te bring aan 'n verlore en sterwende wêreld.²³ U, JESUS – ja, selfs die HERE – waarheen gaan U? Gaan U na die tempel in Jerusalem om USELF as die MESSIAS te verkondig? “Nee, ek is gedruk in die GEES om vir veertig dae in die wildernis in te gaan.”²⁴ En in daardie dae van aaneenlopende vas en gebed, het HY aan Satan die mag van GOD se HEILIGE WOORD bewys en uit die woestyn te voorskyn gekom, vol genade en waarheid, om die missie waarop HY was van die Hemel af uit te voer.²⁵ Ja, selfs KONING JESUS het SY tyd in die woestyn gedoen, en meer kere as net toe.

Elke man en elke vrou op wie GOD al ooit SY hand gelê het en geroep het, bring HY na 'n woestynplek toe. Ek praat van 'n verlate plek in jou geestelike lewe waar GOD jou skei, wanneer mense jou nie verstaan nie, wanneer jy weet dat jou tyd gekom het om deur GOD gebruik te word. GOD het gesê, “Ek gaan nie enigiemand stuur om oor of vir jou te bid nie. Jy sal jou eie gebed moet doen.”²⁶ Jy gaan GOD ALMAGTIG van aangesig tot aangesig ontmoet. GOD gaan jou na daardie woestynplek neem waar jy óf jou reis saam met GOD gaan aanpak óf jy gaan sterf. Jy sal op jou gesig voor GOD lê en in pyn uitroep totdat jy daardie regmatige plek in GOD gevind het. Jy sal 'n nuwe verhouding met GOD vind en jy sal nooit weer omgee wanneer GOD vir jou sê om na Nineve toe te gaan nie, want jy het self by die troon van GOD ingeskakel, en SY glorie is voortdurend voor jou aangesig. Ek praat oor 'n plek waar GOD jou leer en waar jy SY onderrig ontvang. Dit is 'n plek waar daar geen menslike vertroosting vir jou is nie, en waar niemand verstaan wat jy doen nie.

Waardeur dink jy het Dawid gegaan toe hy seshonderd mans om hom gehad het en nie een hom verstaan het nie? Hy het gesê: “My siel dors na lewe; GOD waarheen is U? Ek kan U nie voel nie. My siel dors na die lewende GOD.”²⁷ Dawid was in 'n plek waar GOD nie na hom ge-

kom het en met hom gepraat het nie, en hy moes aandrang op die WOORD van GOD wat binne-in hom gewerk het. Hy moes geloof gehad het in die goedheid en die genade van die HERE, dat GOD op 'n manier hom deur sy beproewing en geestelike woestyn sal dra.²⁸

GOD probeer om 'n paar mans en vrouens te laat grootword. Jy sê: “GOD het my geroep om te profeteer.” O, HY het, het HY? Laat ek eers die sand in jou skoene sien. Wanneer die profete van ouds met die WOORD van die HERE gekom het, is party van hulle gestenig, party is in tronke gegooi en ander is verstoot en selfs doodgemaak.²⁹ En hier is jy, die eerste keer wat jy aan 'n bietjie vervolging ly, huil jy en sê: “Ek gaan terugval.” Maar as jy HOM toelaat en aan SY GEES oorgee, sal GOD jou tot volmaaktheid bring in daardie woestynplek en jou ontwikkel.

Daar sal 'n tyd kom in jou ervaring wanneer GOD mense uitsluit en jou by HOM insluit, en jy sal huil, “GOD, niemand verstaan my nie.” GOD sal antwoord: “Ek wil nie hê hulle moet nie. Jy soek net 'n skouer om op te huil, en Ek wil hê jy moet op MY skouer huil.” Sommige van julle is op hierdie oomblik in daardie woestynplek. Ander is besig om uit die woestyn te kom. Jy was saam met GOD. Jy praat met GOD, en GOD praat met jou. Jy voldoen aan GOD se voorwaardes. Jy het daardie plek in GOD gevind waar jy onbeweegbaar en onomstootlik is. Jy is nie op en af in jou Christelike reis nie. Jy het van aangesig tot aangesig met GOD en met die werklikheid gekom. Jy het die lesse van die woestyn goed geleer. Jy weet hoe om te bid, en jy weet hoe om SY beloftes aan te gryp. Jy weet wie jy is en jy weet wie GOD is. Jy het nie menslike gerusstelling nodig nie, want jy het by GOD SELF gehoor. Jy hoor nie tweedehands nie, maar jy praat direk met GOD, en HY praat terug.

“Staan op en gaan na die woestyn toe. Ek het iets vir jou in die woestyn: verbystering, teleurstelling, hartseer, terugslae.”³⁰ Jy kan fisies in die woestyn wees, of jy kan verstandelik daar wees, of jy kan

geestelik daar wees. Maar GOD werk met jou hart in daardie woestynplek.

Waarom, Filippus, waarom gaan jy woestyn toe? “Want daar is 'n man daar wat 'n koninkryk en 'n nasie na GOD toe gaan draai.” GOD sit jou nie in 'n plek van lyding omdat hy ontevrede is met jou nie. GOD laat net die keurigstes ly. Lyding is nie vir alledaagse mense nie, want GOD doen nie moeite om enigiets behalwe goeie koring te maal nie.³¹

Jy vra: “Hoekom het ander dit so maklik en vir my is dinge so moeilik?” Hulle het dit maklik want GOD vra hulle nie om soos 'n eikeboom te staan nie. “Waarom het so-en-so so baie materiële goed?” Dit is omdat dit al is wat GOD vir hulle het. GOD kan hulle nie vertrou met lyding nie. HY kan nie vuur maak onder hulle nie, want hulle sal verbrand. GOD mors nie SY vuurherd van beproewing nie. As daar nie goud in jou siel is nie, sal GOD nie die vuurherd op jou mors nie. As daar nie iets in jou is wat te voorskyn sal kom met goddelike lewe nie, sal GOD nie 'n beproewing of 'n verdrukking op jou pad stuur nie. Die beproewings en verdrukings is vir die heiliges van GOD wat SY WOORD aan die mensdom uitdra. Die kenteken van Christelike prestasie is wanneer daardie vervolging wat op JESUS neergekom het, op jou neerkom.

Almal hou daarvan om 'n pluimpie te kry en te hoor dat mense goeie dinge van hulle sê. Hulle gloei soos 'n neonlig. Hulle hou van mense wat van hulle hou en baie van hulle dink. Hulle hou nie daarvan dat mense sê: “Bly weg van hom af. Hy is 'n ketter; hy is in valse leerstelling” nie. Maar wat sê GOD ...? “Pas op Seun, wanneer almal goed praat van jou. Daar is nie 'n kenteken van onderskeiding nie. Jy is nie op GOD se rekord van goeie gedrag wanneer almal goeie dinge van jou sê nie. Maar wanneer hulle jou uitskel en jou vervolg en allerhande valse, slegte dinge oor jou sê om MY naams ontwil, verbly jou en wees uitbundig bly en dans van vreugde, want jou beloning in die Hemel is groot.”³² Dit sal dus musiek in jou ore

(Vervolg op bladsy 7)

²³ Matt. 13:35, Joh. 17:24, Heb. 5:8-9, 9:24-28, 1 Pet. 1:18-21 ²⁴ Matt. 4:1-2 ²⁵ Matt. 4:2-11, Mark. 1:12-13, Luk. 4:1-14, Joh. 1:14 ²⁶ Matt. 6:6, Luk. 18:1-8, Ef. 6:18, Fil. 4:6, Kol. 4:2, 1 Thes. 5:17, 1 Tim. 2:8, Heb. 4:16, 11:6, 1 Joh. 3:22, 5:14-16, Jud. 20-21 ²⁷ Ps. 42:2, 63:1, 143:6 ²⁸ 1 Sam. 30:6 ²⁹ Matt. 5:10-12, 10:16-18, 21-28, 20:18-19, 23:23-39, 24:8-10, 26:1-4, 47-54, 57-68, Luk. 21:12-19, Joh. 15:18-19, 16:1-2, Hand. 6:7-15, 7:51-60, Rom. 8:35-37, 1 Kor. 4:9-13, 2 Kor. 4:8-12, 11:23-26, Gal. 4:28-29, Heb. 11:32-38, Jak. 5:6, 1 Joh. 3:1, 13, Op. 2:10, 6:9-11, 7:13-17, 11:3-12 ³⁰ 2 Kor. 4:8-11, Jak. 1:2-3 ³¹ Matt. 3:12, 13:3-9, 18-30, 47-50, 21:44, 1 Pet. 1:6-7, Op. 13:18-19 ³² Matt. 5:11-12, Luk. 6:20-23, 2 Kor. 5:1, 1 Thes. 4:14-18, Heb. 4:9, 11:16, Op. 22:12-14

Kalifornië

Liewe Pastoor Tony

Jy is altyd in ons harte en ons gebede. “Wie sal ons skei van die liefde van Christus?” (Rom. 8:35-39). Hierdie is God se bediening wat die antichriste aanval. Die aantyging dat jy, Pastoor Tony, ons gedagtes beheer, is net nog ’n truuk van Satan om te probeer om die geldigheid van die mag van die Heilige Gees wat binne jou bediening beweeg, af te breek.

Elkeen van ons binne die bediening het ’n persoonlike getuienis van God se mag in ons lewens. Jesus het Hom aan my geopenbaar toe ek glad nie aan God gedink het nie. Ek het pas by ’n partytjie aangekom en was gereed om dit te geniet. Ek het my eerste drankie van die aand in my hand gehad en wou ’n sluk neem, toe dit voel of ek in ’n borrel is. My gehoor is afgesny. Ek kon die orkes sien speel, mense sien dans en lag, maar daar was geen klank nie. (Dit het alles vinnig gebeur, maar dit het tydloos gevoel.) Toe, soos wind en weerlig, het ek die stem van die Here deur my hele liggaam gevoel. Hy het gesê: “Die sonde op jou siel gaan jou na ’n brandende Hel neem.” Op daardie oomblik het God my begrip vir sonde en oordeel oopgemaak. God kategoriseer sonde nie soos ek in die Katolieke kultus geleer het nie. Alle sonde neem my siel Hel toe. Ek het die drankie neergegooi en begin hardloop. (Ek het nie aan die mense

om my gedink of oor wat hulle van my dink nie, die angs van ewige oordeel het pas my siel binnegedring.) Ek het op my knieë neergeval aan die einde van die op-rit en hardop gepleit: “God help my!” Ek het nog nooit van inkering gehoor nie en ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek het daardie aand na hulp gesoek, en selfs met iemand gepraat wat in die Bybelskool was. Voordat hy selfs geweet het waarom, was ek by sy huis. Hy het vir my dagga aangebied om te rook. Nee, ek wou nie gehad het nie. Ek het geloop en huis toe gegaan. Ek het gedink: “Ek gaan in sonde lewe en in sonde doodgaan en daar is niks wat ek daaromtrent kan doen nie.”

Die volgende aand het ’n vriend van my my genooi om saam met hom Hollywood Boulevard toe te gaan (’n plek waarheen ek nie gaan nie). Ons het gegaan, en dit is waar ek die broers van die Tony en Susan Alamo Christelike Bediening ontmoet het. Een ding wat vir my gesê is deur die broer van die bediening, was dat dit eenvoudig is om die Here te dien. Al wat ek moet doen was om my oë op Jesus te rig en nooit weg te kyk nie. Daardie woorde het soos ’n pyl in my hart ingeskiet en die Here het my begrip oopgemaak om Hom te dien. Al die kerke waarheen ek al ooit gegaan het, het die geloof wat in my hart was doodgemaak. Nou was my hart gevul

met geloof. Ek het ná ’n diens in Canyon Country, na Kalifornië gegaan en aan die einde van die diens het ek Jesus gevra om in my hart te woon. Ek het gevoel hoe Jesus die sonde wegwas. Ek het gevoel hoe al die ou, sonde-vuil bloed uit my liggaam getrek word en ’n rivier met nuwe bloed invloei. Ek het geweet ek is verander. Dit was my nuwe begin en ek wou dit onmiddellik deel.

My pa was ’n gemene alkoholis wat nooit bevryding kon vind nie. Hy het kerk toe gekom en berou gehad oor al sy sonde en was onmiddellik van alkohol verlos. Hy het ook by die bediening ingetrek. Een keer het Susan Alamo ’n onderhoud met hom gevoer tydens een van die TV-uitsendings en Susan het vir my pa gevra: “Sou jy ooit wou hê het dat een van jou kinders uit die bediening gehaal moes word?” My pa het geantwoord: “God behoede! Daar is geen plek soos die Tony en Susan Alamo Christelike Bediening nie.” Ek stem saam. Daar is geen plek of niemand op hierdie aarde vandag soos die Tony Alamo Christelike Bediening nie.

Satan verloor en ons wen. Ons hou die bloedbevleekte banier van die Here omhoog.

Voorwaarts Christen-soldate!
Ons is lief vir jou, Pastoor Tony!
Suster Anna Moan

Oklahoma

Aan Pastoor Tony

Toe ek jou boodskap van die Here oor die “Dryfsand” hoor, het ek ’n helder droom onthou wat ek ongeveer dertig jaar gelede in Dyer, AR gehad het.

Ek het op ’n baie smal muur geloop; ek was ongeveer halfpad oor toe ek begin wankel. Ek het my balans verloor en geval. Ek het in bietjie sand geval en ek het baie gou begin sink. Ek het besef dit is dryfsand.

Daar was twee broers, maar hulle kon my nie help nie. Ek was tot by my mond in die sand, toe ek jou sien loop, Pastoor Alamo, ongeveer hon-

derd voet weg. Jy het skuins verby beweeg en uit die hoek van jou oog het jy my gesien en vinnig nadergekome, jou hand uitgesteek en my 1-2-3 uitgetrek.

Die Here het my gewys dat jy die krag deur Sy Gees het. Hy het my ook gewys dat ek op daardie muur was – reguit en smal – maar dat ek nie die regte balans gehandhaaf nie en toe val ek. Soos jou boodskap sê, was ek in die dryfsand en net God het my deur jou daar uitgetrek. Nie een broer kon dit doen nie.

Ek dank God vir jou boodskappe,

belangstelling en totale gehoorsaamheid aan God.

Tommy Scarcello

Moffett, OK



ALAMO BEDIENINGS AANLYN
www.alamoministries.com



Pastoor Amos Andala versprei Pastoor Alamo se nuusbriewe en Messiah-boeke in dorpies in Kenia, Afrika

Zimbabwe

Liewe Pastoor Alamo

Jou program, die Tony Alamo Bedieninge, seën my elke week op Radio Africa Two. Ek het ongeveer 'n maand gelede die program vir die eerste keer gehoor. Die boodskap bring die Woord van God duideliker as enige ander wat ek al gehoor het. Ek luister dus nou gereeld na die program.

Dankie vir die program en volhard met die goeie werk.

Dienswillig

R.N. Gokwe, Zimbabwe, Afrika

Ghana

Liewe Pastoor Tony

Mag die Allerhoogste God, wie se Seun Christus ons Verlosser is, jou ryklik seën omdat jou inspirerende en siel-verowerende literatuur my bereik het. Mag Hy jou grondgebied en invloed uitbrei.

Dit is merkwaardig hoe my vuilheid bedek was en in skoonheid omskep is sedert ek jou literatuur ontdek het. Ek was bedek met die lelike vlekke van sonde, maar deur Christus, wat ek leer ken het, weet ek dat my sondes wegge-was is.

Ek was in staat om die groot geskenk van literatuur wat ek van jou bediening ontvang het, met my familie en vriende te deel en elke siel wat dit gelees het, was verstom. Ons sal so bly wees as jy vir ons meer van jou dinge kan stuur wat 'n seëning is, soos literatuur, nuusbriewe, Bybels, en *Messiah*-boeke om ons daaglikse lees en praat van die waarheid te versterk en sodat ons nie ons slegte dade sal herhaal nie. Ons sal daarom ewige geluk met ons Verlosser Jesus deel wanneer Hy kom om ons weg te neem. Ons sal ook graag jou merk-

waardige stem wil hoor; daarom vra ons vir jou boodskappe op CD's. Ek hoop jy sal so maak in Jesus se naam.

Dankie dat jy vir ons die regte kaart gegee het om ons te lei, en ons sal ons waardering betoon deur jou literatuur en nuusbriewe met die ander verlore skape te deel.

Dienswillig

N.S. Ashanti, Ghana, Afrika

Liewe pastoor Tony Alamo

Ek is baie bly om hierdie brief vir jou te skryf. Eerstens, hoe gaan dit met jou? Ek hoop deur die genade van die Almagtige God, dat dit goed gaan. Dankie dat jy van jou kosbare tyd afstaan om my brief te lees, want ek weet jy moet 'n baie besige man van God wees.

Ek is onlangs gered nadat ek jou nuusbriewe en literatuur gelees het. Jy het my verander en veroorsaak dat ek tot inkeer gekom het deur die manier waarop jy God se Woord onderrig.

Meneer, ek wil die Bybel self leer ken en lees, maar omdat ek 'n student

is, kan ek nie een bekostig nie, want die koste van Bybels in Ghana is baie hoog. Ek sal baie bly wees as jy vir my een kan stuur vir my eie persoonlike gebruik. Ek wil hier afsluit met hierdie paar woorde. Dankie.

Jou vriend

A.A. Sefwi, Ghana, Afrika

Liewe broer in Christus

Ek skryf vir jou al die pad van Ghana af om dankie te sê vir jou en jou bediening. Mag God jou ryklik seën. Ek is gered deur jou literatuur getiteld, "Dit is waaroor alles gaan." Ek het nou die Here Jesus as my Here en Verlosser aanvaar.

Pastoor, ek sal graag wil hê jy moet vir my omtrent vyftig kopieë van jou literatuur stuur. Ek is gereed om die Woord van God met my vriende en maats deel. Kan jy ook vir my 'n CD en ander dinge stuur wat my sal help om die Woord van God te bestudeer?

Mag die Here Jesus Christus jou ryklik seën. Amen.

A.E.

Ghana, Afrika

Albuquerque en Santa Fe, Nieu-Mexiko

Nieu-Mexiko was definitief een van die bestenaweek getuie-nis-opdragte waarop ek en die broers was. Die mense daar het elkeen twee literatuurstukke geneem sodat hulle dit vir iemand wat hulle ken, kon gee. En net omdat ons ons Alamo Christelike Bedienings-T-hemde gedra het, kon ons in restaurante getuig.

By een parkeerterrein het 'n vrou een van die nuusbriewe gekry wat ons op haar motor gesit het. Terwyl sy dit lees, het sy begin glimlag en dit teen haar hart gedruk en dit vir die mense wat saam met haar was, gewys. Dit is waar God ons die naweek wou gehad het, vir seker! Hy het ons net daar gesit waar ons nodig was. Dit was op sigself 'n groot seën, en om te sien dat hierdie mense van evangelieliteratuur hou, en om te sien dat siele gered word.

El Salvador

'n Pastoor van El Salvador, wat onlangs 'n kopie van "Moenie moedeloos raak nie" in Spaans ontvang het, het die getuie-nislyn gebel. Sy het baie van die boodskap gehou en wou meer literatuur en Bybels in Spaans hê. Sy het gesê dat die Here vir haar gesê het dat Tony binnekort uit die tronk gaan kom. Die Here het hom in die tronk om die evangelie aan die mense daar te verkondig en as sy werk daar voltooi is, sal hy uitkom. Sy het vir Tony en die bediening oor die telefoon gebid, en het gesê dat die Here wil hê ons almal moet uitroep na Hom, en dat Hy met ons is. Sy het gesê ons moet vurig uitroep na Hom vir oorwinning, bevryding en verlossing van siele. Sy het gesê dat die Here aan haar vertel het dat Hy groot openbaringe het om deur ons bekend te maak, en dat ons nie moet moedeloos raak nie; dat ons moet voortgaan om te glo dat Hy God is en in staat is om baie meer te doen as wat ons vra of dink. Die Koninkryk van God is oorwinning.

Seëvier in gebed.

Othelia Carabia de Campo

San Salvador, El Salvador

Arkansas

Aan my Pastoor en vriend

Ek het so pas weer jou boodskap "Woestynkrygers" gelees. Ek het deur kopieë van boodskappe gekyk en dit weer gelees. Dankie, dankie, dankie, dankie! Dankie, die allermeeleste dat jy dit wat God vir jou gee, met my en die wêreld deel.

Oor die jare was daar verskeie kere wat vir my uitstaan as my "woestyn"-ervaringe in my Christelike lewe. Ek kon toe nie verstaan waarom God toelaat dat dinge met my gebeur nie. Dit was slegs nadat ek in daardie verlate plek met God was, wat God vir my begrip kon gee.

Al my kinders is weggevoer, en ek was weer in daardie woestynplek. Ek kon nie slaap nie, ek wou nie eet nie, mense kon my nie troos nie, ek het niks van God gehoor nie, ek wou net doodgaan. Ek het aanhou uitroep na God, daar was baie huilsessies in die middel van die nag. Die enigste ding wat my weerhou het van totale verwoesting, was die Woord van God, God se Heilige Gees en Sy krag. Toe ek uiteindelik huilende aan die slaap raak, bekommerd oor hulle, ens., het ek weer wakker geword en my enigste

toevlug en troos was God se Woord.

Uiteindelik dink ek het God moeg geraak vir my "gekermd". Een aand, terwyl ek weereens huil en bid, het God met my hard gepraat en my bestraf. Hy het vir my gesê Hy weet wat ek voel; Hy is alreeds daardeur. Nie net is Hy van Sy Seun geskei nie, maar Hy het Sy Seun gestuur om te sterf vir my seuns en al die ander mense se seuns. Hy het vir my gesê om dit na Hom te bring en Hom ten volle te vertrou en Hy sal daarvoor voorsiening maak. Ek het onmiddellik só 'n verligting gevoel. Ek het my bekommer en aanhoudend net aan my omstandigheid gedink in plaas daarvan om dit aan God oor te laat. Dit klink dalk heel eenvoudig; dinge wat jy vir jare vir my geleer het, maar nou is die ware toets hier. Ek sê nie dit was kinderspeletjies om deur hierdie beproewing te gaan nie, maar nadat die Here my berispe het, was ek beslis kalm. Ek kon nou gefokus bly op die Here en het besef dat God altyd in beheer is. Vir watter rede ook al, God laat toe dat dit gebeur en dit sal verander tot Sy Eer.

In jou boodskap sê jy: "God gaan

jou na daardie woestynplek neem waar jy óf jou reis saam met GOD gaan aanpak óf jy gaan sterf ... God probeer 'n paar mans en vroue laat groot word ... God mors nie Sy vuurherd van beproewing nie. As daar nie goud in jou siel is nie, sal God nie die vuurherd op jou mors nie. As daar nie iets in jou is wat te voorskyn sal kom met goddelike lewe nie, sal God nie 'n beproewing of 'n verdrukking op jou pad stuur nie."

Ek sê nie daar sal nie meer beproewing wees nie, net dat hierdie beproewing die grootste tot nou toe was en God het my weereens deurgetrek. Ek is seker daar gaan nog groei en ontwikkeling plaasvind, maar ek wil net dankie sê vir al die jare wat jy probeer het om die "ek" uit my te kry en my geleer het om soos Christus te wees. Daardie jare is nie vrugtelos nie. Ek voer steeds die goeie stryd. Dankie vir jou voorbeeld van – ongeag wat kom en gaan – jy staan steeds sterk! Dankie vir jou volharding en geduld!

Jou dogter in Christus

Becky Avila

NS. Gelukkige 77ste! God seën jou geweldig. Sien jou binnekort!

WOESTYNKRYGERS

(Vervolg vanaf bladsy 3)

wees wanneer mense sleg praat van jou wanweë die naam van JESUS.

GOD soek na nog Mosesse, en 'n paar Johannes die Dopers, en 'n paar Josefs, en 'n paar Debora's, en 'n paar Samuels, want die wêreld is in duisternis en die Lig van lewe moet aan hulle gelewer word. HY wil hê daardie mans en vrouens moet uit die wildernis kom wat GOD in daardie geheime plekke ontmoet het, in die eensaam ure, daardie hart-wegrukkende ure wanneer jy nie kan slaap nie en jy moet bid, daardie slegs-bekend-aan-GOD ure wanneer die enigste vogtigheid die trane is wat soos riviere uit jou oë loop terwyl jy na GOD roep: "GOD, help my deur hierdie beproewing; help my deur nog 'n dag. Moenie my laat ondergaan nie, GOD. Gee my die krag, die innerlike krag, om opnuut en verfris in U GEES op te staan." Êrens in die gehuil en die trane en die geswoeg en die pyn: "GOD help my om hierdie keer te vergewe. Moenie dat hierdie seer so diep is dat ek nie kan vergewe nie. Wás my in U kosbare bloed en vul my met 'n uitstorting van U GEES." Jy het die hele nag getob tot jy die son sien opkom het oor nog 'n slape-lose nag en 'n bed wat nat is van jou trane en sweet, soos wat jy met GOD geworstel het om HOM te ontmoet en in staat te wees om as 'n veranderde mens anderkant uit te kom, want GOD het eendag gesê: "Gaan na die woestyn toe."

GOD kies SY getuies, en lei hulle in die woestyn op. GOD soek SY mans en SY vroue in daardie woestyne van teleurstellings, wanneer jou karakter beswadder is en mense onvriendelike woorde en onregverdige dinge oor jou gesê het. Jy kan nie sien hoe 'n regverdige GOD kan swyg wanneer jy mishandel word nie, maar HY het gesê: "Ek roep jou nou vir jou woestynervaring." Jy het gebid en gebid en gebid totdat daar nie nóg 'n gebed oor was om te bid nie, en selfs jou gebedslewe het 'n woestyn geword. Jou hart is so seer dat jy net in die kerk kan sit en huil. Jy kan GOD nie in die lied vind nie. Jy kan GOD nie in die dans vind nie. Jy kan GOD nie in die aanbidding vind nie. Dit het alles opgedroog. Jy het so goed gedoen as wat jy kan. Jy het jou tiendes betaal en jy het die WOORD van GOD geglo. Jy kyk na die saldo in jou bank en jou skuld is meer as jou inkomste. Jy het die WOORD aan mense verkondig en probeer vrygewig wees teenoor hulle. Jy het uit jou pad gegaan om vriendelik te wees en die enigste ding wat teruggedoen word, is harde en skerp woorde. Jy is in die woestynplek. Maar dit is wanneer GOD kom, en HY brand al die dinge wat nadelig is vir jou uit jou siel uit. Die ENGEL van die HERE (die HERE SELF) kom praat met jou uit die brandende bos en sê: "Jy kan nou gaan. Jy het die woorde van ewige lewe vir MY mense. Jy het 'n woord van hoop, 'n woord van bevryding." Dit is dan wanneer jy begin om ewig dankbaar te wees teenoor GOD omdat HY met jou gewerk

het, en jy bou 'n altaar daar in die woestyn vir HOM. Jy sal nooit, ooit daardie plek vergeet waar jy en GOD van aangesig tot aangesig ontmoet het nie. Jy sal ontdek hoe dit is om heeltemal en volkome deur GOD se GEES gelei te word en die Lewende Waters wat jy ontdek het sal daardie woestyn in 'n vrugbare tuin verander. Dit alles omdat jy gehoorsaam was aan GOD in daardie woestynplek.

GOD sê: "Ek wil MY mense besoek. Die geween van die mensdom kom voor MY en ek het niemand om te stuur nie. Ek gaan nie 'n profeet stuur wat nie voorbereid is nie. Ek gaan nie 'n prediker stuur wat die GEES nie gelei het nie. Ek kan niemand stuur om inkering te verkondig totdat die mens self inkering gevind het nie. Ek kan niemand gebruik wat nie ver in die woestyn was nie."

Dan kan jy sê: "GOD, nou verstaan ek dat alles is soos dit is. Ek verstaan nou waarom U hierdie dinge laat gebeur het en waarom U nie enige reën na die woestynplekke van eensaamheid, wanhoop, verwerping, ontbering en misverstand gestuur het nie, want dit was U wat my daarheen gebring het."

Jy het eers nie verstaan nie; jy het gesê: "Waarom, wat het ek gedoen? Waar het ek GOD in die steek gelaat? Waarom het GOD nie die deur oopgemaak nie? Waarom is ek in hierdie situasie?" Jy is daar, want GOD berei 'n man of 'n vrou voor om 'n boodskap van saligheid, liefde, onfeilbare genade en medelye aan die mensdom

(Vervolg op bladsy 8)

Liewe broer Tony Alamo in Christus

Wees gegroet in Jesus naam. Ek wil die nuus oor 'n inwoner van Peshwer-provinsie deel.

Op 12 Augustus 2011 was ek op pad huis toe. Op dieselfde tyd het ek Muhammad D.P. ontmoet. Hy was 'n drywer van 'n vragtrok. Sy trok was stukkend. Ek het gevra of ek hom kon help. Hy het gesê: "Dankie, broer." Maar ek het hom weer gevra: As jy nie omgee nie, wil ek vir jou bid en pastoor Tony Alamo se literatuur van die VSA met jou deel in jou moeilike tyd." Hy het my aanbod aanvaar. Hy bly in die terroriste-provinsie van Pakistan waar die NATO-weermag nou veg.

Vandag bel hy my: "Liewe Broer, kan jy vir my nog

Pakistan

literatuur stuur, want as ek hierdie literatuur onder die inwoners van my provinsie versprei, kan ek dalk nog veranderinge hier sien. Dit is 'n baie nuttige manier om terroriste se gedagtes te verander. Ek het deur my soeke te wete gekom dat hier 75% terroriste is. Deur hierdie literatuur kan ons meer siele oor die hele wêreld wen. Jou literatuur was baie nuttig vir my en my familie. Ek is baie beïndruk daarmee."

Ek wil vra dat jy asseblief vir D.P. bid dat hy suksesvol sal wees in sy besluit.

In Christus
Pastoor R. B.

WOESTYNKRYGERS

(Vervolg vanaf bladsy 7)

te bring. GOD sal jou bystaan en jy gaan hierdie woestynervaring aanneem. En jy gaan GOD bedank daarvoor. Die soetste uur waarvan jy ooit gaan weet, is toe GOD afgekom het in daardie woestynplek, en reg voor jou, is daardie brandende bos in daardie eensame, verlate plek. Wanneer jy heimwee het en uitgeput is, verskyn die ENGEL van GOD skielik en jy begin GOD te dank vir sy eensame winderige berg. Dan sal GOD jou in SY GEES lei om die harte van mans en vroue met SY magt, bonatuurlike bevryding aan te raak.

Begin nou deur hierdie gebed tot GOD te bid:

My **HERE** en my **GOD**, wees my, **sondaar, genadig.**³³ Ek glo dat **JESUS CHRISTUS** die **SEUN** van die **lewende GOD** is.³⁴ Ek glo dat **HY** dood is aan die **kruis** en **SY** kosbare bloed **uitgestort** het vir die **vergifnis** van al my **voorige sondes.**³⁵ Ek glo dat **GOD JESUS** uit die **dode opgewek** het deur die **krag** van die **HEILIGE GEES,**³⁶ en dat **HY** op hierdie oomblik aan die **regterhand** van

GOD sit en **luister** na my **belydenis** van **sonde** en hierdie **gebed.**³⁷ Ek maak die **deur** van my **hart oop** en ek **nooi U** in my **hart in, HERE JESUS.**³⁸ Was al my **vuil sondes weg** in die **kosbare bloed** wat **U** in my **plek gestort** het aan die **kruis by Golgota.**³⁹ **U sal my nie weg-wys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef** en my **siel red.** Ek weet, want **U WOORD, die Bybel, sê so.**⁴⁰ **U Woord sê dat U niemand sal weg-wys nie en ek weet — dit sluit my in.**⁴¹ **Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.**⁴² Ek dank U, **HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.**⁴³

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die **VADER** en die **SEUN** en die **HEILIGE GEES.**⁴⁴ Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.⁴⁵

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan hê verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry

aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê: “Sal hê mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds hê vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [hê tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die **HERE, DIE ALMAGTIGE.** Toets MY of EK nie die vensters van die Hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die **HERE, DIE ALMAGTIGE.** Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in hê begeerlike land woon, so sê die **HERE VAN DIE LEËRSKARE**” (Mal. 3:8-12).

33 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 34 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 35 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 36 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 37 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 38 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 39 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 40 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 41 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 42 Heb. 11:6 43 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 44 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 45 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Bediening wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word hê werker in die oes van siele deur hê verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief hê kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal.

As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Augustus 2009, 2011, 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer Augustus 2009, 2011, 2014